

# Woensdag 7 Julie

Skrifgedeelte: Jona 1:17 – 2:10  
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Jona 2:2, 9

## **Deur die Here se verlossing kan ons in dank en toewyding tot Hom roep**

In hoofstuk 1 lees ons dat Jona nie net probeer wegkom van die opdrag wat die Here vir Hom gegee het nie, maar ook van die Here self (1:3, 10). In hoofstuk 1:9 bely hy indirek dat hy besef dat dit onmoontlik is – God het land en see gemaak en is alomteenwoordig. Moontlik het Jona toe gedink dat as hy verdrink en dood is, Hy dan van God en God se opdrag sou wegkom.

Maar in hoofstuk 2 sien ons hoe die realiteit van die dood 'n pynlike diep werklikheid vir Jona raak. Daar waar hy nou op pad is om in die diepste dieptes van die doderyk (*Sheol*) in te gaan, daar waar Jona se siel omring word deur die dood, daar kan ons sê ervaar hy iets van die angste van die hel in sy siel (vs 5, 7).

Toe Jona besef wat dit *werklik* beteken om van die Here (en sy opdragte) af te probeer wegkom, roep hy tot God. Hy bely dat iemand wat agter leegheid aanloop, besig is om God se troue verbondsliefde in die wind te slaan (vs 8). Maar toe hy na God roep, sien hy God se hand van redding raak. Selfs daar in die maag van die vis, voordat hy nog die volkome redding ervaar het, dáár betuig hy reeds sy dank en toewyding aan God (vs 9).

Jesus Christus gebruik hierdie gebeure van Jona as 'n teken vir sy verlossingswerk aan die kruis, sy dood en opstanding (Matt. 12:39, 40). Daar het Hy die angste van die hel in ons plek deurgegaan en verlossing gebring vir elkeen wat in Hom glo. Laat ons daarom nie agter leegheid aanloop, weg van God en sy opdragte nie, maar selfs in ons grootste benoudheid juis sy troue verbondsliefde en verlossing raaksien en in dankbare toewyding tot Hom roep.

*Sing: Psalm 86-1:1, 2*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop- Mariental)*